



Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**SEPTEMBER 2012**

**GESKIEDENIS V1  
MEMORANDUM**

**PUNTE:** 150

---

Hierdie memorandum bestaan uit 26 bladsye.

---

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

1.1 Die volgende Leeruitkomste en Assesseringstandaarde sal in hierdie vraestel geassesseer word:

| LEERUITKOMSTE  | ASSESSERINGSTANDAARDE<br>LEERDERS KAN DIE VOLGENDE DOEN:   |
|--|--|
| <b>Leeruitkoms 1</b><br><b>(Geskiedkundige ondersoek)</b>              | <ol style="list-style-type: none"> <li>1. Formuleer vrae om begrippe vir ondersoek binne die konteks van dit wat bestudeer word, te ontleed. <b>(Nie vir eksamendoeleindes nie.)</b></li> <li>2. Verkry toegang tot 'n verskeidenheid toepaslike inligtingsbronne om ondersoek te doen. <b>(Nie vir eksamendoeleindes nie.)</b></li> <li>3. Interpreteer en evaluateer inligting en data uit die bronne.</li> <li>4. Bestudeer inligtingsbronne en evaluateer die nut van die bronne vir die taak, met inbegrip van stereotipes, subjektiwiteit en gapings in die beskikbare getuienis.</li> </ol>   |
| <b>Leeruitkoms 2</b><br><b>(Geskiedkundige begrippe)</b>               | <ol style="list-style-type: none"> <li>1. Ontleed geskiedkundige begrippe as maatskaplike boustene.</li> <li>2. Ondersoek en verduidelik die dinamika van veranderende magsverhoudinge binne die samelewings wat bestudeer word.</li> <li>3. Vergelyk en kontrasteer die interpretasies en sieninge van gebeure, mense se optrede en veranderings om sodoende onafhanklike gevolgtrekkings te maak oor die optrede of gebeure.</li> </ol>  |
| <b>Leeruitkoms 3</b><br><b>(Vertolking van kennis en kommunikasie)</b> | <ol style="list-style-type: none"> <li>1. Identifiseer wanneer 'n interpretasie van statistiek omstrede kan wees en ondersoek die gevolgtrekkings wat uit die data blyk krities.</li> <li>2. Voeg inligting saam om 'n oorspronklike argument saam te stel met behulp van bewyse uit bronne om die argument te steun.</li> <li>3. Handhaaf en verdedig 'n samehangende en gebalanseerde argument met behulp van getuienis wat verskaf word en onafhanklik verkry word.</li> <li>4. Dra kennis en begrip op verskillende maniere oor, insluitend besprekings (geskrewe en mondelings) debat, skep van 'n historiese skryfstuk deur die gebruik van verskillende genres, navorsingsopdragte, visuele voorstellings en mondelinge aanbiedings.</li> </ol> |

**1.2 Die volgende vlakke vrae word gebruik om brongebaseerde vrae te assesseer:**

| <b>VLAKKE VAN BRONGEBASEERDE VRAE</b> |   |
|---------------------------------------|---|
| <b>VLAK 1 (V1)</b>                    | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Onttrek toepaslike inligting en data uit die bronne.</li> <li>• Organiseer die inligting logies.</li> <li>• Verduidelik geskiedkundige begrippe.</li> </ul>  |
| <b>VLAK 2 (V2)</b>                    | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Kategoriseer gesikte of toepaslike inligtingsbronne wat verskaf word om die vrae wat geopper word, te beantwoord.</li> <li>• Ontleed die inligting en data wat uit 'n verskeidenheid bronne versamel is.</li> <li>• Evalueer die inligtingsbronne wat verskaf word om te besluit of die bronne geskik is vir die taak.</li> </ul>  |
| <b>VLAK 3 (V3)</b>                    | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Interpretier en evalueer inligting en data uit die bronne.</li> <li>• Ondersoek inligtingsbronne en evalueer die nut van die bronne vir die taak, met inagneming van stereotipes, subjektiwiteit en gapings in die beskikkbare getuienis.</li> <li>• Ontleed geskiedkundige voorstellings as maatskaplike konstruksies.</li> <li>• Ondersoek en verduidelik die dinamiek van veranderende magsverhoudings binne die aspekte van samelewings wat bestudeer word.</li> <li>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en sienings van mense se optrede of gebeure en veranderings om onafhanklike gevolgtrekkings te maak oor die optrede of gebeure.</li> <li>• Identifiseer wanneer 'n interpretasie van statistieke dalk omstrede kan wees en ondersoek die gevolgtrekkings wat uit die data blyk krities.</li> </ul> |

**1.3 Die volgende tabel dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:**

- |  |
|--|
| <ul style="list-style-type: none"> <li>• By die nasien van alle brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argumente, bewyse of voorbeelde.</li> <li>• By die toekenning van punte moet aandag gegee word in hoe 'n mate daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.</li> <li>• By die nasienriglyne word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.</li> </ul> |
|--|

## 2. UITGEBREIDE SKRYFWERK

### 2.1 Die uitgebreide skryfwerk fokus op een van die volgende vlakke:

| <b>VLAK VAN VRAAG</b>  |
|--|
| <p><b>Vlak 1</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Bespreek of beskryf volgens 'n gegewe argument wat in die uitgebreide skryfwerk-vraag uiteengesit word.</li> <li>• Beplan en konstrueer 'n argument op grond van getuienis en gebruik die getuienis om 'n slotsom te bereik.</li> </ul>  |
| <p><b>Vlak 2</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Voeg inligting saam om 'n oorspronklike argument te bou en gebruik getuienis om die argument te steun.</li> <li>• Staaf en verdedig 'n samehangende en gebalanseerde argument met getuienis.</li> <li>• Skryf duidelik en samehangend wanneer jy die argument saamstel.</li> </ul> |

### 2.2 Nasien van uitgebreide skryfwerk

- **NASIENERS MOET DAAROP LET DAT DIE INHOUD VAN DIE ANTWOORD GELEI SAL WORD DEUR DIE HANDBOEK WAT BY 'N SPESifieKE SENTRUM GEBRUIK IS.**
- **KANDIDATE MAG ENIGE ANDER TOEPASLIKE INLEIDING EN/OF SAMEVATTING HÊ AS DIT WAT INGESLUIT IS BY 'N RIGLYN VIR NASIEN VAN 'N SPESifieKE OPSTEL.**
- **BY DIE ASSESSERING VAN DIE OOP BRONGEBASEERDE VRAE MOET KANDIDATE KREDIET KRY VIR ENIGE ANDER RELEVANTE ANTWOORD.**

### Globale assessering van uitgebreide skryfwerk.

Die uitgebreide skryfwerk sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die opvoeder die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om 'n argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs "feite" neer te skryf om 'n hoë punt te behaal nie. Dit sal leerders ook ontmoedig om "modelantwoorde" voor te berei en te reproduuseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet vir leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessorings nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument.
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun.
- Die leerder se interpretasie van die vraag.

## Assesseringsprosedures by uitgebreide skryfwerk

1. Hou die sinopsis in gedagte wanneer die skryfwerk nagesien word.
2. Tydens die eerste deurlees van die skryfwerk moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt (bullet) in die nasienriglyne), vir elke hoofmoment (aangedui met 'n kolpunt), 'n relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt), bv. 'n antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.
3. Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie.



- Verkeerde stelling
- Irrelevante stelling



- Herhaling

R

- Analise

A✓

- Interpretasie

1✓

4. Die matriks

### 4.1 Die gebruik van 'n analitiese matriks vir die assessorering van uitgebreide skryfwerk (verwys na bl. 7).

By die nasien van uitgebreide skryfwerk met verwysing na bl. 7, moet die gegewe kriteria in die matriks gebruik word. Beide die inhoud en die aanbieding moet in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

- 4.1.1 Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

|   |        |  |
|---|--------|--|
| I | VLAK 4 |  |
|   |        |  |

- 4.1.2 Die tweede deurlees van die skryfwerk sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

|   |        |  |
|---|--------|--|
| I | VLAK 4 |  |
| A | VLAK 5 |  |

- 4.1.3 Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

|   |        |         |
|---|--------|---------|
| I | VLAK 4 | 18 - 19 |
| A | VLAK 5 |         |

4.2 **Gebruik van holistiese rubriek vir nasien van uitgebreide skryfwerk  
(verwys na bl. 8)**

Die gegewe rubriek wat inhoud en aanbieding in ag neem, moet gebruik word by die nasien van uitgebreide skryfwerk.

|        |        |         |
|--------|--------|---------|
| I en A | VLAK 5 | 18 - 20 |
|--------|--------|---------|

**GRAAD 12 ANALITIESE Matriks vir uitgebreide skryfwerk:: Puntetotaal: 30**

| AANBIEDING   | VLAK 7   | VLAK 6   | VLAK 5   | VLAK 4  | VLAK 3   | VLAK 2   | VLAK 1   |
|--|--|--|--|---|--|--|--|
| <b>INHOUD</b>  | Baie goed beplan en gestruktureer. Goeie sintese van inligting. Goed gebalanseerde argument is ontwikkel. Argument deurgaans volgehou en verdedig. | Goed beplan en gestruktureer. Sintese van inligting. Goed gebalanseerde oorspronklike, onafhanklike argument ontwikkel. Gebruik getuienis om die argument te ondersteun. | Goed beplan en gestruktureer. Ontwikkel duidelike argument. Oorspronklike slotsom bereik op grond van getuienis. Getuienis gebruik om argument te ondersteun. Kom tot onafhanklike slotsom. Gebruik getuienis om gevolgtrekking te ondersteun. | Argument beplan en gestruktureer. Getuienis gebruik om argument te ondersteun. Slotsom op grond van getuienis Skryfwerk gestruktureerd. | Argument beplan en gestruktureer. Sommige getuienis gebruik om argument te ondersteun. Slotsom nie duidelik ondersteun deur getuienis nie. | Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend/poging om argument te ontwikkel. | Min sprake van analyse en geskiedkundige verduideliking. Antwoord glad nie gestructureerd nie. |
| <b>VLAK 7</b><br>Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudseleksie ten volle relevant tot gedagterigting/argument wat gevolg is. | 27 – 30  | 24 – 26  |  |   |  |  |  |
| <b>VLAK 6</b><br>Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot gedagterigting/argument wat gevolg is                      | 24 – 26  | 23   | 21 – 22  |   |  |  |  |
| <b>VLAK 5</b><br>Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant.  |  | 21 – 22  | 20   | 18 – 19   |  |  |  |
| <b>VLAK 4</b><br>Vraag herkenbaar in antwoord. Gebreke ten opsigte van inhoud/ irrelevante inhoudseleksie.                   |  |  | 18 – 19  | 17  | 15 – 16  |  |  |
| <b>VLAK 3</b><br>Inhoudseleksie hou nie altyd verband met die vraag nie. Weglatings.   |  |  |  | 15 – 16   | 14   | 12 – 13  |  |
| <b>VLAK 2</b><br>Inhoud skraal. Vraag ontoereikend beantwoord.   |  |  |  |   | 12 – 13  | 11   | 9 – 10   |
| <b>VLAK 1</b><br>Vraag nie beantwoord nie. Inhoud ontoereikend. Heeltemal irrelevant.  |  |  |  |   |  | 9 – 10   | 0 – 8  |

**GRAAD 12 HOLISTIESE Matriks om uitgebreide skryfwerk te assesseer (Bv. 'n opstel wat verwys na bronne, verslag, nuusberig, ens.) Puntetotaal: 30**

|  |  |
|--|--|
| <b>VLAK</b>  | Indien die kandidaat alle of die meeste van die vaardighede op 'n spesifieke vlak gedemonstreer het, sal die punt relevant tot die kategorie aan hom/haar toegeken word.   |
| <b>7 Uitstekend<br/>80 – 100%<br/>24 – 30</b><br><br>[Uitstekend]  | Fokus deurgaans op onderwerp – demonstreer 'n logiese en samehangende progressie tot slotsom<br>Duidelike begrip van die bronne<br>Gebruik alle bronne of die meeste daarvan<br>Selekteer relevante bronne<br>Haal selektief aan<br>Groepeer bronne (nie noodsaaklik nie, maar behoort nie 'n lys bronne neer te skryf nie)<br>Demonstreer agtergrondkennis oor die bronne<br>Waar van pas, word teenargumente volledig bespreek<br>Verwys korrek na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid, beperkings van bronne<br>Druk hom-/haarself duidelik uit<br>Eindig met duidelike fokus op die onderwerp – neem standpunt in (m.a.w. bereik 'n onafhanklike/ oorspronklike slotsom) |
| <b>6 Verdienstelik<br/>70 – 79%<br/>21 – 23</b><br><br>[Baie goed] | Wend goede poging aan om konsekwent te fokus op onderwerp, maar argument verloor soms fokus<br>Duidelike begrip van die bronne<br>Gebruik alle bronne of die meeste daarvan<br>Selekteer relevante bronne<br>Haal selektief aan<br>Goeie gebruik van relevante bewyse uit bronne<br>Poog om teen-argument te oorweeg<br>Poog om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne<br>Goeie uitdrukking<br>Eindig met duidelike fokus op die onderwerp – neem standpunt in (m.a.w. bereik 'n onafhanklike/ oorspronklike slotsom)   |
| <b>5 Substantief<br/>60 – 69%<br/>18 – 20</b><br><br>[Goed]        | Poog om te fokus op die onderwerp, maar argument het tekortkominge<br>Begryp die meeste van die bronne<br>Gebruik die meeste van die bronne<br>Selekteer relevante bronne<br>Uitdrukking goed, maar daar is foute<br>Tekort aan diepte in oorhoofse fokus, en verwys nie na een of meer relevante bronne nie<br>As toepaslik, poog om teenargument te oorweeg.<br>Oppervlakkig of geen poging om 'n relevansie, vooroordeel, akkuraatheid, beperktheid van bronne te verwys nie<br>Poog om standpunt in te neem (fokus op beperkings, ens.) om onafhanklike gevolgtrekking te maak.  |
| <b>4 Gemiddeld<br/>50 – 59%<br/>15 – 17</b><br><br>[Bevredigend]   | Poog om op onderwerp te fokus, maar argument verloor dikwels fokus<br>Gemiddelde begrip van die meeste van die bronne<br>Gemiddelde gebruik van relevante getuienis uit die bronne<br>Gemiddelde poging om teenargument te oorweeg<br>Gemiddelde poging om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne<br>Uitdrukking bevredigend<br>Wend poging aan om standpunt in te neem, maar ernstige gebrek aan skakel met res van opstel<br>Skryfwerk mag neig om bronne te lys en fokus daaraan te haak   |
| <b>3 Toereikend<br/>40 – 49%<br/>12 – 14</b><br><br>[Redelik]      | Geringe poging om te fokus op die onderwerp<br>Min begrip van die bronne<br>Sukkel om relevante inligting uit die bronne te lig<br>Geen aanhalings nie – of oor die algemeen irrelevant<br>Wend geringe poging aan om teenargumente te oorweeg<br>Bronne word gelys<br>Poog nie om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne nie<br>Geringe uitdrukking<br>Geringe poging om standpunt in te neem (sukkel om tot 'n onafhanklike slotsom te kom)   |
| <b>2 Elementêr<br/>30 – 39%<br/>09 – 11</b><br><br>[Swak]          | Kan nie op onderwerp fokus nie<br>Kan nie relevante bronne identifiseer nie<br>Geen aanhalings nie – of meestal irrelevant<br>Poog glad nie om teenargument te oorweeg nie<br>Skryfwerk bloot 'n lys van bronne<br>Poog nie om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne nie<br>Baie swak uitdrukking<br>Swak poging om standpunt in te neem, indien enige   |
| <b>1 Nie behaal nie<br/>0 – 29%<br/>0 – 8</b><br><br>[Baie swak]   | Geen poging om op die onderwerp te fokus nie<br>Maak glad nie gebruik van bronne nie<br>Heeltemal irrelevant<br>Skryf bron direk oor<br>Antwoord uiters swak   |

## VRAAG 1: WAS DIE V.S.A. DIE OORSAAK VAN DIE KUBAANSE MISSIEL KRISIS?

- |       |       |   |                   |
|-------|-------|---|-------------------|
| 1.1   | 1.1.1 | <i>[Interpretasie van inligting uit Bron 1A – V1 – LU1 (AS3&amp;4); LU2 (AS3); LU3 (AS2)]</i>   |                   |
|       |       | <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n Ekonomiese stelsel wat gebaseer is op private besit.</li> <li>• Enige ander relevante antwoord.</li> </ul>  | (Enige 1 x 2) (2) |
| 1.1.2 |       | <i>[Onttrek bewyse uit Bron 1A – V1 – LU1 (AS3&amp;4)]</i>  |                   |
|       |       | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die VSA</li> </ul>   | (Enige 1 x 1) (1) |
| 1.1.3 |       | <i>[Interpretasie en onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V2 – LU2 (AS3); LU3 (AS2)]</i>  |                   |
|       |       | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Kinder sterftesyfer baie hoog.</li> <li>• Hoë ongeletterdheidsyfer.</li> <li>• Hoë werkloosheid.</li> <li>• Onvoldoende behuising, skole en hospitale.</li> <li>• Enige ander relevante antwoord.</li> </ul>   | (Enige 3 x 1) (3) |
| 1.1.4 |       | <i>[Interpretasie en ontleiding van inligting uit Bron 1A – V2 – LU1 (AS3 en 4) LU2 AS3); LU3 (AS2)]</i>  |                   |
|       |       | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Mense moet veg vir vryheid.</li> <li>• Mense moet in opstand kom om vryheid te behaal.</li> <li>• Enige ander relevante antwoord.</li> </ul>   | (Enige 1 x 2) (2) |
| 1.1.5 |       | <i>[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit bron – V3 – LU2 (AS1, 2 en 3) LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]</i>  |                   |
|       |       | <ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n Eensydige siening.</li> <li>• Bron is pro-kommunisties.</li> <li>• Bron is antikapitalisties.</li> <li>• Castro se siening.</li> <li>• Wys net die negatiewe impak van kapitalisme.</li> <li>• Kan gesien word as propaganda.</li> <li>• Enige ander relevante antwoord.</li> </ul> | (Enige 2 x 2) (4) |

- |       |       |  |                   |
|-------|-------|--|-------------------|
| 1.2   | 1.2.1 | <i>[Interpretasie, vergelyking, analise en sintese van bewyse uit bron – V3 – LU2 (AS1, 2 en 3) LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]</i>  |                   |
|       |       | <ul style="list-style-type: none"> <li>Die VSA het drie kern basisse wat op Rusland gemik is in vergelyking met die een van Rusland.</li> <li>Boom (kernwapens) in Amerikaanse grondgebied baie groter as die een in die Russiese gebied.</li> <li>Enige ander relevante antwoord.</li> </ul>                          | (Enige 2 x 2) (4) |
| 1.2.2 |       | <i>[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit bron – V3 – LU2 (AS1, 2 en 3) LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]</i>   |                   |
|       |       | <ul style="list-style-type: none"> <li>Deur die installering van die kern missiele in Kuba.</li> <li>Enige ander relevante antwoord.</li> </ul>  | (Enige 1 x 2) (2) |
| 1.2.3 |       | <i>[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit bron – V3 – LU2 (AS1, 2 en 3) LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]</i>   |                   |
|       |       | <ul style="list-style-type: none"> <li>Khrushchev baie kalm ten spyte van kern bedreiging.</li> <li>Hoë ongeletterdheidsyfer.</li> <li>Hoë werkloosheid</li> <li>Onvoldoende behuising, skole en hospitale.</li> <li>Enige ander relevante antwoord.</li> </ul>  | (Enige 2 x 2) (4) |
| 1.2.4 |       | <i>[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit bron – V3 – LU2 (AS1, 2 en 3) LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]</i>   |                   |
|       |       | <ul style="list-style-type: none"> <li>Kommunisme is 'n bedreiging vir die Amerikaanse invloed in Latyns-Amerika.</li> <li>Die meeste groot Amerikaanse stede was binne trefafstand.</li> <li>Hy wou hê dat die wêreld moes sien dat die VSA kommunisme teenstaan.</li> <li>Enige ander relevante antwoord.</li> </ul> | (Enige 2 x 2) (4) |
| 1.2.5 |       | <i>[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit bron – V3 – LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]</i>  |                   |
|       |       | <ul style="list-style-type: none"> <li>VSA kon oorlog verklaar teen Kuba.</li> <li>VSA kon niks gedoen het nie.</li> <li>Stel 'n vloot blokkade in.</li> <li>Enige ander relevante antwoord.</li> </ul>  | (Enige 3 x 2) (6) |
| 1.3   | 1.3.1 | <i>[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit Bron 1C – V3 – LU2 (AS , 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]</i>   |                   |
|       |       | <ul style="list-style-type: none"> <li>Kennedy moet nie oorlog verklaar nie.</li> <li>Verenigde Nasies moet die probleem oplos.</li> <li>Vrede of vernietiging.</li> <li>Enige ander relevante antwoord.</li> </ul>  | (Enige 2 x 1) (2) |

1.3.2 [Interpretasie en ontleding van inligting uit bron – V3 – LU1 (AS3 en 4) LU2 (AS3); LU3 (AS2)]

- Daar is nie wenners in 'n kernoorlog nie.
- Sal lei tot wedersydse gewaarborgde vernietiging.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

1.3.3 [Interpretasie en analyse van bewyse uit bron – V3 – V2 (AS4); LU2 en 3 (AS3)]

- VSA en Rusland onderhandel 'n vreedsame oplossing.
- Rusland onttrek hulle missiele uit Kuba.
- Die VSA het belowe om nie Kuba binne te val nie.
- VSA het in die geheim belowe om hul missiele uit Turkye te onttrek.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 3 x 1) (3)

1.4 [Interpretasie, analyse en sintese van bewyse uit alle bronne – V3 – LU1 (3 en 4), LU2 (AS1, 2, 3) LU3 (AS1, 2, 3, 4)]

- 'n Koue Oorlog is 'n konflik tussen kapitalisme en kommunisme.
- Die VSA het die oorhand in die wapenwedloop.
- Rusland het die geleentheid om VSA se voorsprong te neutraliseer deur die plasing van missiele in Kuba.
- Kuba ongelukkig met die uitbuiting onder die kapitalistiese bewind.
- Kuba word 'n kommunistiese staat.
- Kennedy bekommerd oor nabyheid van die Russiese kern missiele.
- Kennedy het 'n vloot blokkade ingestel.
- Wêrelد hou asem op soos konfrontasie toeneem.
- Wêrelد mening ten gunste van vrede.
- Kernwapens het kapasiteit om almal te vernietig.
- Enige ander relevante antwoord.

Gebruik die volgende matriks om 'n punt toe te ken:

|               |  |                     |
|---------------|--|---------------------|
| <b>VLAK 1</b> | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik bewyse op elementêre wyse, bv. toon min of geen begrip van hoe <b>die kern wapenwedloop bygedra het tot die krisis</b>.</li> <li>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor onderwerp te skryf of kan nie oor die onderwerp skryf nie.</li> </ul>  | <b>PUNTE: 0 – 2</b> |
| <b>VLAK 2</b> | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Bewyse is meestal relevant en hou tot 'n groot mate verband met die onderwerp bv. toon <b>'n begrip van hoe die kern wapenwedloop tot die krisis bygedra het</b>.</li> <li>• Gebruik bewyse op 'n baie basiese wyse.</li> </ul>   | <b>PUNTE: 3 – 4</b> |
| <b>VLAK 3</b> | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik relevante bewyse bv. <b>demonstreer 'n deeglike begrip van hoe die kern wapenwedloop tot die krisis bygedra het</b>.</li> <li>• Bewyse het betrekking op die onderwerp.</li> <li>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat dui op begrip van die onderwerp.</li> </ul> | <b>PUNTE: 5 – 6</b> |

(6)

## 1.5 UITGEBREIDE SKRYFWERK

- 1.5.1 [Beplan en konstreeer 'n argument gebaseer op bewyse deur gebruik te maak van analitiese- en interpretasievaardighede – V1 – LU1 (AS 3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]

### SINOPSIS

Kandidate moet fokus op die redes vir Amerika se betrokkenheid in die krisis.

### UITBREIDING

- Agtergrond inligting (Kuba onder Batista)
- Castro neem beheer deur Batista omver te werp.
- Die Bay of Pigs-inval
- Kuba word 'n kommunistiese staat.
- Rusland plaas kernmissiele in Kuba.
- Kennedy en die Excom
- Vloot Blokkade
- Hoe die krisis gehanteer was.
- Beter verhoudings tussen die VSA en USSR.
- Kuba se onafhanklikheid gewaarborg.

**Slot:** Kandidate moet die argument saamvat.

(30)

- 1.5.2 [Beplan en konstreeer 'n argument gebaseer op bewyse – gebruik analitiese- en interpretasievaardighede – V1 – LU1 (AS 3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]

### SINOPSIS

Kandidate moet aandui of dit billik is of nie en oor gevare van kernoorlog uitbrei.

### HOOF ASPEKTE

Inleiding: Kandidate moet die akkuraatheid van die stelling evaluateer en aandui hoe hulle die vraag sal beantwoord.

## **UITBREIDING**

- Agtergrond inligting (Kuba onder Batista)
  - Castro neem beheer deur Batista omver te werp.
  - Die Bay of Pigs-aanval
  - Kuba word 'n kommunistiese staat.
  - Rusland plaas kernmissiele in Kuba
  - Kennedy en die Excom
  - Vloot Blokkade
  - Hoe die krisis gehanteer was.
  - Beter verhoudings tussen die VSA en USSR
  - Kuba se onafhanklikheid gewaarborg.

**Slot:** Kandidate moet die argument saamvatt.

(30)

[75]

## VRAAG 2: WAS AFRIKA SOSIALISME DIE ANTWOORD OP TANZANIË SE POST-KOLONIALE PROBLEME?

### 2.1    2.1.1    [Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1 – LU1 (AS3)]

- 1961 (1 x 1) (1)

### 2.1.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V1- LU2 (AS3); LU2 (AS2)]*

- (a) Onder die staat se beheer te bring.  
(b) Rykdom van die land moet gelykop verdeel word tussen mense.  
• Enige ander relevante antwoord. (2 x 2) (4)

### 2.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2 – LU1 (AS3)]*

- Kapitalisme lei tot die skepping van klasse – ryk en arm.
  - Kapitalisme het Afrika se hulpbronne en arbeid uitgebuit.
  - Afrika het nie voordeel getrek uit kapitalisme nie.
  - Afrika is nie ekonomies bemagtig deur kolonialisme nie.
  - Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

#### 2.1.4 [Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V1 – LU1 (AS3 en 4)]

- Een uit elke ses volwassenes kon lees en skryf.
  - Minder as vyf persent van sy mense het in stede gewoon.
  - 'n Paar fabrieke en nywerhede het bestaan.
  - Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

2.1.5 [Interpretasie en analise van bewyse uit Bron 2A – V3 – LU1 (AS3 en 4)]

- Neo-kolonialisme het nie Afrika bevoordeel nie.
- Neo-kolonialisme het die koloniale magte verryk.
- Neo-kolonialisme het Afrika in armoede gedwing.
- Selfstandigheid sou bevryding van koloniale heerskappy verseker.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

2.2 2.2.1 [Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V3 – LU1 (AS3 en 4)]

- Boere werk saam vir algemene welsyn.
- Boere produseer vir hulself.
- Skep die indruk dat Afrikaners selfstandig is.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

2.2.2 [Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit Bron 2B – V3 – LU1 (AS3 en 4)]

- Bron wys nie dat Ujamaa 'n mislukking was nie.
- Nie alle boere was ten gunste van Ujamaa nie.
- Boere is gedwing om in Ujamaa dorpe te werk.
- Ujamaa het 'n negatiewe impak op boere.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

2.2.3 [Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit Bron 2B – V3 – LU1 (AS3 en 4)]

- Dat Ujamaa 'n sukses was.
- Dat die boere gelukkig was met Ujamaa.
- Dat meer mense by die Ujamaa dorpe moet aansluit.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

2.2.4 [Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit Bron 2B – V3 – LU1 (AS3 en 4)]

**Betroubaar**

- Boere werk saam vir die algemene welsyn.
- Boere produseer vir hulself.
- Boere het groot hoeveelhede graan geproduseer.
- Beeld die doelwitte van Ujamaa uit.

**Nie betroubaar nie**

- Foto is propaganda.
- Bron wys nie die ongelukkigheid van kleinboere uit nie.
- Ryk boere was gekant teen Ujamaa.
- Sommige boere wou nie skuif na kommunale plase nie.
- Regeringsamptenare het die stelsel uitgebuit.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

2.3 2.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2 – LU1 (AS3)]*

- Publiek was nie ten gunste van Ujamaa-beleid nie.
- Enige ander relevante antwoord. (1 x 2) (2)

2.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2 – LU1 (AS3)]*

- Sommige wou bly op hul plase waar voorvaders gesterf het.
- Boere onseker van wat hulle sou kry indien hulle verskuif.
- Behuising was onvoldoende.
- Hul drome is nie bewaarheid op Ujamaa dorpe nie.
- Sommige boere het op hul private plase geboer.
- Tekort aan voedsel.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

2.3.3 *[Vergelyking van bewyse uit bronre – V3 – LU1 (AS3)]*

- Bron 2C – wys boere is teen Ujamaa.
- Bron 2B – kleinboere ondersteun Ujamaa beleid. (1 x 2) (2)

2.5 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit alle bronre – V3 – LU1 (3 en 4), LU2 (AS1, 2, 3) LU3 (AS1, 2, 3, 4)]*

- Kolonialisme het Afrika-state uitgebuit.
- Kolonialisme het Afrika arm en onderontwikkeld gelos.
- Na onafhanklikheid het Afrika-lande gekies om selfstandig te wees.
- Selfstandigheid om te wys dat Afrika haarself ekonomies kan versorg.
- Ujamaa geïmplementeer om selfstandigheid te bevorder.
- Doelwitte van Ujamaa was goed in teorie.
- Klem op gemeenskaplike ontwikkeling en -lewe.
- Ujamaa misluk.
- Enige ander relevante antwoord.

Gebruik die volgende matriks om 'n punt toe te ken.

|               |   |                     |
|---------------|---|---------------------|
| <b>VLAK 1</b> | <ul style="list-style-type: none"> <li>Gebruik bewyse op elementêre wyse, bv. toon min of geen begrip van waarom Ujamaa 'n reaksie teen kolonialisme was.</li> <li>Gebruik bewyse gedeeltelik om oor onderwerp te skryf of kan nie oor die onderwerp verslag gee nie.</li> </ul>                                | <b>PUNTE: 0 – 2</b> |
| <b>VLAK 2</b> | <ul style="list-style-type: none"> <li>Bewyse is meestal relevant en hou tot 'n groot mate verband met die onderwerp bv. toon 'n begrip van waarom Ujamaa 'n reaksie teen kolonialisme was.</li> <li>Gebruik bewyse op 'n baie basiese wyse.</li> </ul>   | <b>PUNTE: 3 – 4</b> |
| <b>VLAK 3</b> | <ul style="list-style-type: none"> <li>Gebruik relevante bewyse bv. toon 'n deeglike begrip van Ujamaa 'n reaksie teen kolonialisme was.</li> <li>Bewyse het betrekking op die onderwerp.</li> <li>Gebruik bewyse baie effekief in 'n georganiseerde paragraaf wat 'n begrip van die onderwerp toon.</li> </ul> | <b>PUNTE: 5 – 6</b> |

(6)

## 2.5 UITGEBREIDE SKRYFWERK

- 2.5.1 *[Beplan en konstreeur 'n argument gebaseer op bewyse deur gebruik te maak van analitiese- en interpretasie vaardighede – V1 – LU1 (AS3 en 4); LU2 (AS 1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]*

### SINOPSIS

Kandidate moet aandui of hulle saamstem, of nie saamstem met die stelling.

### HOOFASPEKTE

Kandidate behoort die volgende aspekte in hulle antwoord in te sluit:

**Inleiding:** Kandidate moet die mislukkings van kolonialisme en Ujamaa in Tanzanië na onafhanklikheid bespreek.

### UITBREIDING

- Die impak van kolonialisme.
- Uitbuiting onder die kapitalistiese koloniale mag.
- Sosialisme ingestel.
- Beleid van Ujamaa – moedig nasionale ontwikkeling aan.
- Boerdery en nywerhede genasionaliseer.
- Mislukking van Ujamaa.
- Die mislukking van demokrasie.
- Vestiging van 'n eenpartystaat.
- Vrees van etniese konflik.
- Afname in landbouproduksie en armoede op die platteland.
- Verstedeliking lei tot sosiale probleme soos werkloosheid.
- Gesondheid en onderwys verbeter.

**Slot:** Kandidate moet hulle argument saamvat met 'n relevante slot.

(30)

- 2.5.2 [Voeg inligting saam om 'n oorspronklike argument te bou met bewyse uit die bronne en eie kennis om die argument te ondersteun – V2 – LU1 (AS3 en 4); LU2 (AS 1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]

**SINOPSIS**

Kandidate moet fokus op die mislukking van Ujamaa.

**HOOFASPEKTE**

Die kandidaat moet die volgende punte in die reaksie noem.

**Inleiding:** Kandidate moet fokus op 'n ekonomiese stelsel wat gebaseer is op sosialisme.

**UITBREIDING**

- Tanzanië se stryd onder die koloniale heerskappy.
- Uitbuiting onder kapitalistiese koloniale bewind.
- Bekendstelling van sosialisme.
- Beleid van Ujamaa: doelstellings.
- Nasionalisering van die ekonomie.
- Mislukking van Ujamaa.
- Afhanklikheid van buitelandse lenings.
- Mislukking van die ekonomie: armoede
- Enige ander relevante antwoord.

(30)

[75]

### **VRAAG 3: HOE HET HOSAKIE DIE PLATVORM GELÊ VIR DIE VERDERE SUKSSESSE VAN DIE BURGERREGTBEWEGING IN DIE 1960's?**

- |       |       |   |                   |
|-------|-------|---|-------------------|
| 3.1   | 3.1.1 | [Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1 – LU1 (AS3)]   |                   |
|       |       | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Om vrede te bewaar by die skool.</li> <li>• Geweld te voorkom.</li> <li>• Enige ander relevante antwoord.</li> </ul>   | (Enige 1 x 1) (1) |
| 3.1.2 |       | [Onttrekking, interpretasie en evaluasie van inligting uit Bron 3A – V3 – LU1 (AS3 & 4); LU2 (AS2 & 3)]   |                   |
|       |       | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Eerste skool wat geïntegreer kan word.</li> <li>• Rassistiese blankes was teen integrasie.</li> <li>• Publiek gretig om te sien of die nasionale regering die hofuitspraak sou afdwing.</li> <li>• Enige ander relevante antwoord.</li> </ul>    | (Enige 1 x 2) (2) |
| 3.1.3 |       | [Interpretasie, evaluasie en sintese van bewyse uit Bron 3A – V3 – LU3 (AS3 & 4)]   |                   |
|       |       | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Faubus geweier om swart leerlinge in skool toe te laat.</li> <li>• Wit ouers en -skoliere was teen integrasie.</li> <li>• President moes die hofuitspraak afdwing.</li> <li>• Enige ander relevante antwoord</li> </ul>                          | (Enige 2 x 2) (4) |
| 3.1.4 |       | [Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2 – LU3 (AS3 & 4)]   |                   |
|       |       | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Little Rock Nine.</li> <li>• Nege swart kinders.</li> <li>• Enige ander relevante antwoord.</li> </ul>   | (Enige 1 x 1) (1) |
| 3.1.5 |       | [Interpretasie, evaluasie en sintese van bewyse uit Bron 3A – V3 – LU3 (AS3 & 4)]   |                   |
|       |       | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Skole is op grond van ras verdeel</li> <li>• Die meeste wit ouers en leerlinge was gekant teen integrasie</li> <li>• Diskriminasie aan die orde van die dag in die Amerikaanse samelewing.</li> <li>• Enige ander relevante antwoord.</li> </ul> | (Enige 2 x 2) (4) |
| 3.1.6 |       | [Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2 – LU3 (AS3 & 4)]   |                   |
|       |       | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Nee, hy is beveel om sy Nasionale Wag te verwyder.</li> </ul>  | (1 x 3) (3)       |

- |       |       |   |                   |
|-------|-------|---|-------------------|
| 3.2   | 3.2.1 | [Interpretasie, vergelyking van bewyse uit bron – V3 – LU1 (AS3 en 4)]  |                   |
|       |       | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Federale Wag het verseker dat die kinders toegang tot die skool kry.</li> <li>• Beide bronne toon dat swart mense teen gediskrimineer was.</li> <li>• Enige ander relevante antwoord</li> </ul>  | (Enige 1 x 2) (2) |
| 3.2.2 |       | [Interpretasie, vergelyking en sintese van bewyse uit bron – V3 – LU1 (AS3 & 4)]  |                   |
|       |       | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Faibus verhoed integrasie deur gebruik te maak van die plaaslike polisie</li> <li>• Hy het geknak onder druk van rassistiese blankes.</li> <li>• Sy plaaslike polisie is vervang deur die federale troepe.</li> <li>• Enige ander relevante antwoord.</li> </ul> | (Enige 2 x 2) (4) |
| 3.3   | 3.3.1 | [Interpretasie van bewyse uit bron – V1 – LU1 (AS3 & 4)]  |                   |
|       |       | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Burgerregtebeweging gebruik nie-gewelddadige metodes om doelwitte te bereik.</li> <li>• Enige ander relevante antwoord.</li> </ul>   | (Enige 1 x 2) (2) |
| 3.3.2 |       | [Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2 – LU1 (AS3 & 4)]   |                   |
|       |       | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Busse was gesegregeer.</li> <li>• Swartes moes hul sitplekke opgee vir blankes.</li> <li>• Rosa Parks het geweier om haar sitplek te gee en was in hegtenis geneem.</li> <li>• Enige ander relevante antwoord.</li> </ul>  | (Enige 2 x 2) (4) |
| 3.3.3 |       | [Interpretasie, evaluasie en sintese van bewyse uit bron – V3 – LU3 (AS3 & 4)]  |                   |
|       |       | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Geweld word verwag van rassistiese blankes wat integrasie teenstaan.</li> <li>• Enige ander relevante antwoord.</li> </ul>   | (Enige 1 x 2) (2) |
| 3.4   | 3.4.1 | [Interpretasie, evaluasie en sintese van bewyse uit bron – V3 – LU3 (AS3 & 4)]  |                   |
|       |       | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Swartes het saamgery in motors.</li> <li>• Die strate is leeg – die impak van die bus boikot.</li> <li>• Enige ander relevante antwoord.</li> </ul>  | (Enige 2 x 1) (2) |
| 3.4.2 |       | [Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2 – LU1 (AS3 en 4)]  |                   |
|       |       | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Een jaar.</li> <li>• 5 Desember, 1955 tot 21 Desember, 1956.</li> </ul>  | (Enige 1 x 2) (2) |

3.4.3 [Interpretasie, evaluasie en sintese van bewyse uit Bron – V3 – LU3 (AS3 en 4)]

- Hy was die leier van die Burgerregtebeweging.
- Hy het die bus boikot georganiseer.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

3.4.4 [Interpretasie, evaluasie en sintese van bewyse uit bron – V3 – LU3 (AS3 en 4)]

- Betroubaar, want hy was die leier van die Burgerregtebeweging.
- Betroubaar, want die mense het in motors saamgery.
- Betroubaar, – hof beslis dat die busse geïntegreer moet word.
- Nie betroubaar nie, want dit is bevooroordeeld.
- Nie betroubaar nie, want dit is eensydig ten gunste van die burgerregtebeweging. (Enige 2 x 2) (4)

3.5 [Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit alle bronne – V3 – LU1 (3 en 4), LU2 (AS1, 2, 3) LU3 (AS 1, 2, 3, 4)]

- Kandidate moet fokus op die integrasie.
- Segregasie in skole.
- Jim Crow stelsel.
- Apartheid is nie gelyk nie.
- Howe het fasiliteite gedesegreger.
- Gesegregeerde fasiliteite was ongrondwetlik
- Rassistiese blankes integrasie teen gestaan deur die swartes aan te val.
- Plaaslike goewerneurs het ook geweier om die wet af te dwing.
- Federale troepe het wet afgedwing deur swartes te beskerm.
- Enige ander relevante antwoord.

Gebruik die volgende matriks om 'n punt toe te ken.

|               |   |                     |
|---------------|---|---------------------|
| <b>VLAK 1</b> | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik bewyse op elementêre wyse, bv. toon min of geen begrip van waarom sosiale integrasie afgedwing is deur die federale weermag.</li> <li>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor onderwerp te skryf of kan nie oor die onderwerp skryf nie.</li> </ul>  | <b>PUNTE: 0 – 2</b> |
| <b>VLAK 2</b> | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Bewyse is meestal relevant en hou tot 'n groot mate verband met die onderwerp bv. toon 'n begrip van waarom sosiale integrasie afgedwing is deur die federale weermag.</li> <li>• Gebruik bewyse op 'n baie basiese wyse.</li> </ul>   | <b>PUNTE: 3 – 4</b> |
| <b>VLAK 3</b> | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik relevante bewyse bv. demonstreer 'n deeglike begrip van waarom sosiale integrasie afgedwing is deur die federale weermag.</li> <li>• Bewyse het betrekking op die onderwerp.</li> <li>• Gebruik bewyse baie effektiief in 'n georganiseerde paragraaf wat 'n begrip van die onderwerp toon.</li> </ul> | <b>PUNTE: 5 – 6</b> |

(6)

### 3.6 UITGEBREIDE SKRYFWERK

- 3.6.1 [Beplan en konstroeer 'n argument gebaseer op bewyse deur gebruik te maak van analitiese- en interpretasie vaardighede – V3 – LU1 (AS3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]

#### **SINOPSIS**

Kandidate moet saam, of teen die stelling stem.

#### **HOOFASPEKTE**

Kandidate behoort die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

**Inleiding:** Kandidate moet standpunt inneem en regverdig.

#### **UITBREIDING**

- Jim Crow – segregasie in die VSA
- Apartheid is nie gelyk – Brown versus Board of Education
- Rosa Parks incident
- Busboikotte
- Vryheidsritte
- Sit-ins
- Little Rock Nege
- Optogte
- Stemreg registrasie
- Burgerregte Wet

**Slot:** Kandidate behoort hul argument saamvat deur te verwys na die standpunt wat in die inleiding geneem was.

(30)

- 3.6.2 [Sintese van inligting om 'n oorspronklike argument te bou bewyse uit die bronne en eie kennis om die argument te ondersteun – V2 – LU1 (AS 3 & 4); LU2 (AS1, 2 en 3) LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]

#### **SINOPSIS**

Kandidate moet fokus op hoe hofbevele tot suksesse van die beweging gelei het.

#### **HOOFASPEKTE**

Kandidate behoort die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

**Inleiding:** Kandidate moet 'n kort agtergrond van die aktiwiteite van die Burgerregtebeweging te gee.

# UITBREIDING

- Jim Crow – segregasie in die VSA
  - Apartheid is nie gelyk – Brown versus Board of Education
  - Rosa Parks incident
  - Busboikotte
  - Vryheidsritte
  - Sit-ins
  - Little Rock Nine
  - Optogte
  - Stemreg registrasie
  - Burgerregte Wet

**Slot:** Kandidate behoort hulle argument saamvat met relevante 'n slot.

(30)

[75]

#### **VRAAG 4: WAAROM WAS STEVE BIKO EN DIE SWARTBEWUSSYNSBEWEGING BETEKENISVOL IN SUID-AFRIKA SE VRYHEIDSTRYD?**

#### 4.1      4.1.1     [Interpretasie van bewyse uit Bron 4A – V2 – LU1 (AS3 en 4); LU2 (AS2)]

- Biko, die stigter van die Swart Bewussynsbeweging
  - Biko was 'n vryheidsvegter.
  - Biko was die leier van die swartes tydens die verbanne jare van die ANC.
  - Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

#### 4.1.2 [Onttrekking en interpretasie van bewyse uit Bron 4A – V1 – LU1 (AS3 & 4)]

- Verbanning
  - Tronkstraf
  - Banneling
  - Moord en verbanning
  - Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

#### 4.1.3 [Interpretasie en ontleiding van inligting – V2 – LU2 (AS2)]

- (a) Swartes moet vir hul vrees van minderwaardigheid verwijder  
Swartes moet trots wees op hulself
  - (b) Die skeiding van rasse polities, ekonomies en sosiaal
  - Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

## 4.1.4 [Interpretasie en ontleiding van inligting – V3 – LU2 (AS2)]

- Richard Attenborough se film oor Biko, 'Cry Freedom'
- Peter Gabriel se liedjie, 'Biko'
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

## 4.1.5 [Interpretasie en analise van bewyse uit Bron 4A – V1 – LU1 (AS3&amp;4)]

- Bou van 'n standbeeld.
- Vernoeming van 'n brug na hom.
- Sy Ginsburg huis is 'n monument verklaar. (Enige 3 x 1) (3)

## 4.2 4.2.1 [Interpretasie en analisering van inligting – V3 – LU2 (AS2)]

- Studente-organisasies is deur blankes beheer.
- Blankes het nie die pyn en lyding van swartes ervaar nie.
- Daar was nie teen blankes gediskrimineer nie.
- Swartes moet hul eie lot bepaal.
- Swartes moet hul eie bevrydingsbeweging lei.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

## 4.2.2 [Interpretasie van bewyse uit Bron 4B – V3 – LU3 (AS3 en 4)]

- Studente-organisasies is deur blankes beheer.
- Om die gevoel van minderwaardigheid te elimineer.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

## 4.2.3 [Interpretasie en analise van bewyse uit Bron 4B – V3 – LU2 (AS3 en 4); LU2 (AS3) LU3 (AS2 en 3)]

- Om die gevoel van minderwaardigheid te elimineer.
- Blankes ontvang beter onderwys.
- Blankes is tegnologies gevorderd.
- Blankes beïnvloed deur die idees van sosiale Darwinisme.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

## 4.3 4.3.1 [Vergelyking van bewyse uit Bron 4C en Bron 4B – V3 – LU3]

- 4C – SASO bevorder apartheid
  - 4B – SASO mekanisme om apartheid te beveg
  - 4C – gunste van inklusiwiteit
  - 4B – bevoordeel eksklusiwiteit
- (Enige 2 x 2) (4)

## 4.3.2 [Interpretasie en analise van bewyse uit Bron 4C – L3 – LU2 (AS3&amp;4); LU2 (AS3); LU3 (AS2&amp;3)]

**Betroubaar:**

- Woods ondersteun die idee van BC.
- SASO het geveg teen apartheid.
- SASO veg vir gelykheid.
- SASO het geveg teen Bantoe-onderwys.

**Nie betroubaar:**

- 'n Eensydige siening.
- Woods was 'n goeie vriend van Biko.
- Toon negatiewe kant van SASO.

(Enige 2 x 2) (4)

## 4.3.3 [Interpretasie en analise van Bron 4C – L3 – LU2 (AS2&amp;3); LU3 (AS2&amp;3)]

- Swart bewussyn het Apartheid ondersteun want dit het die idee van afsonderlike ontwikkeling bevorder.
- Enige ander relevante antwoord.

(Enige 1 x 2) (2)

## 4.5 [Interpretasie, analise en sintese van bewyse vanuit alle bronne – V3 – LU1(3 en 4), LU2 (AS1, 2, 3) LU3 (AS 1, 2, 3, en 4)]

- Doel was om Swartes te bevry van minderwaardigheid en knegskap.
- Bantoe-onderwys is gesien as instrument wat minderwaardigheid afdwing
- Bantu Education was gesien as 'n instrument wat swart minderwaardigheid bekragtig het.
- Jeug was gekant teen Bantoe-onderwys.
- Jeug was vasbeslote om hul eie lot te bepaal.
- Bewussynsbeweging het swart vrese verminder.
- Het die politieke vakuum gevul wat deur die verbanning van die ANC en ander politieke partye gelaat was.
- Alhoewel gebaseer op afsonderlike ontwikkeling het dit nie die regering se Apartheidsbeleid ondersteun nie
- Dit het die regeringsbeleid uitgedaag.
- Enige ander relevante antwoord.

Gebruik die volgende matriks om 'n punt toe te ken:

|               |  |                     |
|---------------|--|---------------------|
| <b>VLAK 1</b> | <ul style="list-style-type: none"> <li>Gebruik bewyse op elementêre wyse, bv. toon min of geen begrip van waarom die Swart Bewussynsbeweging die studente in die swart dorpe beïnvloed het.</li> <li>Gebruik bewyse gedeeltelik om oor onderwerp te skryf of kan nie oor die onderwerp skryf nie.</li> </ul>   | <b>PUNTE: 0 – 2</b> |
| <b>VLAK 2</b> | <ul style="list-style-type: none"> <li>Bewyse is meestal relevant en hou tot 'n groot mate verband met die onderwerp bv. toon 'n begrip van waarom die Swart Bewussynsbeweging die studente in die swart dorpe beïnvloed het.</li> <li>Gebruik bewyse op 'n baie basiese wyse.</li> </ul>  | <b>PUNTE: 3 – 4</b> |
| <b>VLAK 3</b> | <ul style="list-style-type: none"> <li>Gebruik relevante bewyse bv. demonstreer 'n deeglike begrip van waarom die Swart Bewussynsbeweging die studente in die swart dorpe beïnvloed het.</li> <li>Bewyse het betrekking op die onderwerp.</li> <li>Gebruik bewyse baie effekief in 'n georganiseerde paragraaf wat dui op begrip van die onderwerp.</li> </ul> | <b>PUNTE: 5 – 6</b> |

(6)

## 4.5 UITGEBREIDE SKRYFWERK

4.5.1 *[Beplan en konstrueer 'n argument gebaseer op bewyse deur van analitiese- en interpretasie vaardighede gebruik te maak – V1 – LU1 (AS3 en 4); LU2 (AS 1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]*

### SINOPSIS

Kandidate moet die rol van Steve Biko en die Swart Bewussynsbeweging en hul invloed met die Soweto-opstand.

### HOOFASPEKTE

Kandidate behoort die volgende aspekte in hulle antwoord in te sluit:

**Inleiding:** Kandidate moet die rol van Steve Biko en die Swart Bewussynsbeweging en hul invloed met die Soweto-opstand.

### UITBREIDING

- Kort agtergrond – redes vir die Swartbewussynsbeweging.
- Die rol en invloed van Biko se filosofie.
- Die rol van SASO op die jeug van Suid-Afrika.
- Skets die verskillende faktore wat die jeug denke beïnvloed het.
- Swart waardigheid en selfbeeld.
- Swart Gemeenskapsprogramme.
- Swak lewensomstandighede en stygende werkloosheid.
- Stygende olieprys en inflasie.
- Soweto oorbevolking en gebrek aan dienste.
- Implementering van toegangsmaatreëls wat lewe vir swartes bemoeilik het.

- Swart vakbonde verbied om te protesteer.
- Afrikaans verpligtend – wye teenkanting.
- Die rol en impak van die Soweto Studente Verteenwoordige Raad
- 1976 Soweto Opstand.
- Enige ander relevante antwoord.

**Slot:** Kandidate moet hulle argument saamvat met relevante slot. (30)

- 4.6.2 *[Beplan en konstreeur 'n argument gebaseer op bewyse – gebruik analitiese en interpretasievaardighede – V1 – LU1 (AS3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]*

### SINOPSIS

Kandidate moet saam of teen die stelling stem.

### HOOFASPEKTE

Kandidate behoort die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

**Inleiding:** Kandidate moet standpunt inneem en regverdig.

### UITBREIDING

- Kort agtergrond – redes vir ontstaan van Swart Bewussyn
- Die rol en invloed van Biko se filosofie op swartes en 'nie-Wittes'.
- Die rol van SASO op die jeug van Suid-Afrika.
- Verskillende faktore wat jeug denke beïnvloed het.
- Swart waardigheid en selfbeeld.
- Swart Gemeenskaps Programme.
- Swak lewensomstandighede en werkloosheid
- Implementering van toegang maatreëls wat lewe vir swartes bemoeilik het
- Swart vakbonde verbied om te protesteer
- Stygende olieprys in 1973 lei tot 'n verhoging in inflasie
- Soweto oorbevolking en gebrek aan dienste
- Afrikaans verpligtend – wye teenkanting
- Die rol en impak van die Soweto Studente Verteenwoordige Raad
- 1976 Soweto Opstand
- Enige ander relevante.

**Slot:** Kandidate moet hulle argument saamvat met 'n relevante gevolgtrekking.

(30)  
[75]

**TOTAAL: 150**